higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE ADMINISTRASIE N6

11 JUNIE 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1
1.1.1 Onwaar
1.1.2 Waar
1.1.3 Waar
1.1.4 Waar

(4 × 2) (8)

1.2
1.2.1 D
1.2.2 F
1.2.3 A
1.2.4 C
1.2.5 G

(5 × 2) (10)

1.3 1.3.1 Busisiwe Mkhwebane (2)

1.3.2 Sewe jaar (2)

1.3.3
- Die openbare beskermer (OB) kan op eie inisiatief na ’n saak va openbare belang ondersoek instel.
- Ondersoeke word op ’n onpartydige manier uitgevoer.
- Die OB stel ondersoek in na onreëlmatige of onwettige gedrag.
- Hy of sy skik sake privaat vir burgerlikes.
- Hy of sy stel ondersoek in wanneer daar genoeg rede daarvoor is.
- Die OB kan nie hofbeslissings ondersoek nie.
- Die OB moet vir alle individue en gemeenskappe toeganklik wees.
- Verslae wat uitgereik word, moet aan die publiek beskikbaar gestel word, behalwe in buitengewone omstandighede.

(Enige 4 × 2) (8)

1.3.4
- Openbare instellings word opgerig om in die gemeenskap se behoeftes en eise te voorsien.
- Fondse wat deur die parlement beskikbaar gestel word, is openbare fondse.
- Die mens word aan vele versoekings blootgestel.
- Die OB verseker dat handelinge of optredes legitiem en wettig is.
- Hy of sy maak seker dat objektiwiteit gehandhaaf word. (5 × 2) (10)

[40]

TOTAAL VIR AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

2.1

PRIVAATONDERNEMINGSBESTUUR	OPENBARE-ONDERNEMINGSBESTUUR
Besluite word daarop gerig om wins te maksimeer	Verbeter gemeenskappe se openbare welsyn
Begrotings dui op toenemende winste	Begrotings dui op gebalanseerde besteding
Voldoen aan die bepalings van die reg	Pas die bepalings van die reg toe
Gebruik die aandeelhouers se kapitaal	Gebruik belastingpligtiges se geld
Besluite word deur die mark voorgeskryf	Besluite word deur die hoof-politieke owerheid voorgeskryf

(10)

2.2
- Dit is die provinsiale uitvoerende gesag se konstitusionele plig om alle nasionale wetgewing te implementeer.
- Die nasionale regering beskik oor die mag om in te gryp sodra ’n provinsie nie sy verpligtinge ingevolge wetgewing nakom of kan nakom nie.
- Die nasionale regering kan ingryp deur enige toepaslike stappe te doen.
- Hierdie stappe behels die uitreiking van ’n opdrag waarin voorwaardes aangedui word waarvolgens die provinsiale owerheid sy verpligtinge moet nakom of verantwoordelikheid vir die toepaslike verpligtinge moet aanvaar.
- Die ingrypingskennisgewing moet binne 14 dae ná die eerste sitting van die NRVP, nadat die ingryping ’n aanvang geneem het, voor die NRVP ter tafel gelê word.
- Die kennisgewing moet vergesel gaan van ’n memorandum waarin die redes vir die ingryping verduidelik word. (10)

2.3
- Die staat is verantwoordelik daarvoor om opvoedkundige dienste aan alle dele van die bevolking te voorsien.
- Skole, kolleges en universiteite is dienste wat deur die nasionale Departement van Onderwys gefinansier word.
- Sy take sluit die lewering van skool-, universiteits- en biblioteekgeboue in.
- Die Departement is verantwoordelik daarvoor om alle onderwyspeile te monitor en te evalueer.
- Die Departement bied ondersteuning aan studente deur middel van die nasionale finansiële hulpskema vir studente (*NSFAS*).

(Enige toepaslike antwoord) (10)

2.4
- Private konsultante is nie altyd vertroud met die omvang van dienste wat deur openbare instellings gelewer word nie.
- Hulle beskik oor geringe of onvoldoende kennis van die politieke oorwegings en waardes wat die openbare sektor rig.
- Vir hulle is die beheerfunksies iets vreemds.
- Hul tegnieke pas nie noodwendig by openbare instellings se doelwitte nie.
- Private konsultante verwag hoë vergoeding. (10)

[40]

VRAAG 3

3.1
- Daar moet vervoer aan openbare amptenare verskaf word sodat hulle hul funksies kan uitvoer.
- Aangesien openbare vervoer soms onbetroubaar is, stel dit hulle nie in staat om hul pligte uit te voer nie.
- Staatsdepartement het hul eie motorvervoerafdeling.
- Toepaslike regulasies en instruksies moet opgestel word om diefstal en ander wanpraktyke te verhoed.
- Groot somme geld is betrokke by die voorsiening van vervoer vir amptenare. (10)

3.2
- Skriftelike verslae – Dit is die mees algemene instrument. Dit voorsien bewyse van wat alles gebeur het. Dit moedig amptenare aan om sorgvuldig en presies te werk.
- Persoonlike inspeksie – Dit word gewoonlik in die werklike werksomgewing gedoen.
- Ouditering – Ouditering word uitgevoer nadat daar transaksies aangegaan is en dit word gedoen om foutiewe transaksies te verhoed.
- Statistiese aanslae – Hierdie instrumente word tesame met finansiële oudits gebruik.
- Die byhou van daaglikse lêers – Die rede dat hierdie lêers bygehou word, is om te verseker dat profielvorms, briewe en ander korrespondensie aan departementele vereistes voldoen. (10)

3.3
- Burgerlikes moet weet watter openbare goedere en dienste tot hul beskikking is.
- Dit kan openbare instellings help as die publiek goed ingelig is.
- Dit help die publiek om hul waghondfunksie uit te voer.
- Die publiek moet ingelig word omtrent die verkryging van goedere en dienste sodat hulle tenders kan indien. (8)

3.4
- Grafiese tegnieke
- Visuele tegnieke
- Wiskundige tegnieke
- Lineêre tegnieke
- Eksakte tegnieke
- Simulasietegnieke (12)

[40]

VRAAG 4

4.1
- Beleidsvorming
- Organisering
- Finansiering
- Personeelvoorsiening
- Hersiening van werksprosedures
- Beheer (12)

4.2 4.2.1
- Die provinsiale owerheid speel ’n sleutelrol daarin om die plaaslike owerheid se sake te monitor.
- Die Grondwet verplig die provinsiale owerheid om die plaaslike owerheid se ontwikkeling en kapasiteit te bevorder.
- Wetsontwerpe wat plaaslike owerhede raak, moet in die *Staatskoerant* gepubliseer word.
- Verordeninge word deur munisipaliteite uitgevaardig om sake, waaroor hulle geen beheer het nie, effektief te administreer.
- Verordeninge word as ongeldig beskou as dit strydig met nasionale en provinsiale wetgewing is.
- Die nasionale regering en provinsiale owerheid kan slegs take aan ’n munisipaliteit delegeer as die munisipaliteit oor die kapasiteit beskik om dit uit te voer.
- Delegering behoort die gevolg van ’n besluit deur die provinsiale uitvoerende raad te wees.
- Die premier kan ook die munisipaliteit adviseer om ’n bepaalde handelswyse te volg of om hom daarvan te weerhou. (16)

4.2.2
- Die nasionale regering, die provinsiale owerheid en munisipaliteite moet onderskeidelik die prestasie hersien of monitor.
- Die munisipale raad moet die omvang van die munisipaliteit se versuim om sy verpligtinge na te kom, beskryf.
- As daar nie aan ’n voorskrif voldoen is nie, moet die raad vir die toepaslike verpligting verantwoordelik gehou word.
- Die provinsiale uitvoerende raad moet ’n skriftelike kennisgewing van die ingryping aan die minister belas met plaaslike bestuur voorlê.
- Die NRVP moet die aanvaarding van verantwoordelikheid binne 30 dae ná die eerste sitting van die NRVP en nadat die ingryping ’n aanvang geneem het, hersien.
- Nadat hy goedkeuring verleen het, moet die NRVP die ingryping wat hy goedgekeur het, gereeld hersien. (12)

[40]

VRAAG 5

5.1
- Konformisme – Die bestuurder volg die reëls en verwag van sy personeel om formeel in alle opsigte te wees. Geen afwykings word toegelaat nie, en take word volgens die wet uitgevoer.
- Determinisme – Die bestuurder oefen totale gesag oor die besluitneming uit. Hy of sy vertrou die werkers nie en deel slegs opdragte uit. Hierdie bestuurder glo dat dit wat hy of sy doen, reg is en hy of sy volg 'n outokratiese bestuurstyl.
- Dialektisisme – Die bestuurder hou daarvan om vergaderings te hou waarby hy of sy die span en die publiek raadpleeg alvorens enige besluite geneem word. Hierdie bestuurder verleen outonomie aan ondergeskiktes om hul take te voltooi. (15)

5.2
- Raad vir Geestewetenskaplike Navorsing
- Wetenskaplike Nywerheids- en Navorsingsraad
- Raad vir Mediese Navorsing
- Universiteite en universiteite van tegnologie
- Landbounavorsingsraad (Enige 3 x 2) (6)

5.3 Programmeerbare besluite word op feite gebaseer wanneer daar voldoende inligting beskikbaar is.
Nieprogrammeerbare besluite word op aannames gebaseer wanneer inligting ontoereikend of nie beskikbaar is nie. (4)

5.4
- Mense se behoeftes – Die ekonomie en mense se behoeftes is voortdurend besig om te verander. Daarom moet openbare owerhede beleide, werksprosedures en -metodes wysig om met die veranderinge in die samelewing tred te hou.
- Tegnologiese vooruitgang – Rekenaars en selfone is enkele voorbeelde hiervan. Nuwe prosedures moet ontwerp word om te leer hoe om die nuwe sagteware- en hardewarerekenaarstelsels te gebruik.
- Wetenskaplike vooruitgang – Openbare instellings neem gegradueerdes met ’n hoëronderwysagtergrond in diens. Nuwe velde van werk vereis ’n groter aantal professionele en tegniese werknemers.
- Ontwikkeling van die administratiewe en bestuurswetenskappe – Toesighouers wat administratiewe en bestuursfunksies uitvoer, moet opgelei en ontwikkel word. Openbare instellings stel nou werkstudiebeamptes aan.
- Die voorkoming van teenstrydighede, afwykings en verouderde metodes – Daar moet aanpassings op soortgelyke velde gedoen word om die duplisering en oorvleueling van aktiwiteite te vermy. (15)

[40]

TOTAAL VIR AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou